SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 21 NOVEMBER 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS.

STIL SLEUTEL

Dit is met leedwese dat die Suid-Kaap Amateurradioklub die heengaan van Pieter Folscher, ZS1 PC, op 12 November in die ouderdom van vyf en sewentig jaar, moet aankondig. Pieter was n lid van SKARK. Die Suid-Kaap Amateurradioklub spreek sy innige simpatie uit teenoor Pieter se familie en vriende.

Ons het ook verneem van die oorlye van Jaap Minnaar, ZS4NK, van Kuruman, op 14 November. Jaap het vir 'n hele aantal jare BHF in die Noordkaap aan die gang gehou deur die voorsiening van 'n 2 m- en 6 m-herhaler in Kuruman. Ons innige meegevoel aan sy familie en vriende.

(POUSE)

In die nuus vandag

WANNEER GEWYSIGDE RADIOREGULASIES IN WERKING KOM

SARL IARUFONDS KRY 'n HUPSTOOT

PRESIDENT SE NET EN INTEGNET VANAAND OP DIE LUG

RADIOAMATEUR VAN DIE JAAR TOEKENNINGS BEKEND GEMAAK

VOORTPLANTINGSVERSLAG

2004 CQWW FOONKOMPETISIE

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems. Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede.

WANNEER GEWYSIGDE RADIOREGULASIES IN WERKING KOM

Daar is in SARLNuus gerapporteer dat die Departement van Kommunikasie die SARL 'n skriftelike onderneming gegee het dat die nuwe radioregulasies binne die volgende paar weke in die Staatskoerant gepubliseer sal word. Wanneer die nuwe regulasies in werking tree sal houers van ZR-lisensies vir die eerste keer toegang kry op die amateur HF bande. Volgens die nuwe regulasies sal ZR lisensiehouers in die volgende bandgedeeltes mag werk:

1,810 - 1,850 MHz in die 160 m-band; 3,500 - 3,800 MHz in die 80 m-band; 7,000 - 7,100 MHz in die 40 m-band; 14,070 - 14,099 MHz en 14,225 - 14,350 MHz in die 20 m-band; 21,080 - 21,120 MHz en 21,300 - 21,450 MHz in die 15 m-band; 28,050 - 28,150 MHz en 28,300 - 28,500 MHz in die 10 m-band

Die maksimum toegelate krag is 100 Watt PEP.

Waneer die nuwe regulasies in werking tree sal die HF-toekennings vir ZU-lisesniehouers ook verander sodat hulle dieselfde toekenning op 160, 80, 40 en 10 meter sal hê as die ZRRe. ZU-lisensiehouers sal toegelaat word om ESB op hierdie bande te gebruik. Die frekwensies van toepassing vir ZU-lisensiehouers is:

1,810 - 1,850 MHz in die 160 m-band; 3,500 - 3,800 MHz in die 80 m-band; 7,000 - 7,100 MHz in die 40 m-band 28,050 - 28-150 MHz en 28,300 - 28,500 MHz in die 10 m-band

Die maksimum toegelate krag vir ZU-lisensies bly 20 watt PEP.

ZS lisensiehouers behou alle huidige frekwensietoekennings met maksimum krag van 400 watt.

Die nuwe regulasies sluit 'n nuwe proses in vir ZR- en ZU-lisensiehouers om op te gradeer na die ZS-lisensie. Volgens die regulasies, mag die SARL toetse voorskryf vir die ZS-lisensie. 'n Kandidaat wat graag 'n ZS-lisensie wil verwerf moet enige een van die toetse aflê. Die toetse wat tans voorgestel is, is:

1. Bevestigde kontakte met 100 verskillende stasies gewerk met enige kombinasie van mudusse en bande. Slegs simplekskontakte en kontakte deur aardomwentelende satelliete is geldig. Kontakte deur middel van herhalers is nie geldig nie.
2. Die konstruksie van 'n werkende direkomskakelende of superheterodiene radio-ontvanger, of 'n kristalbeheerde send/ontvanger met uitsetkrag van ten minste 1 watt.
3. Die voltooiing van ten minste 50 uur publieke diens or noodkommunikasie soos sportkomunikasie, noodkommunikasie-oefeninge, rampe en opvoedkundige geleenthede.
4. Die verwerwing van 'n professionele tersiêre kwalifikasie in elektronika or radio.
5. Slaag die Morsekodetoets teen 5 wpm.

Besoek die SARL webwerf vir verdere inligting oor die toetse en die voorwaardes gekoppel aan elkeen.

Die toetsing sal deur takseerders, wat deur klubs genomineer, en deur die SARL aangestel, gedoen word. Die SARL is besig om takseerders aan te stel en klubs word genooi om lede te nomineer. Alle nominasies moet op die amptelike vorm gedoen word wat op die SARL se webwerf beskikbaar is by www.sarl.org.za/public/licences/Assessments/Assessments.asp

Sodra die takseerders aangestel is, kan ZR- en ZU-lisensiehouers wat 'n ZS-lisensie wil bekom, die takseervorm voltooi, wat by die takseerders beskikbaar sal wees, en bewys lewer dat die toets suksesvol voltooi is. Elke aansoek moet deur twee takseerders geteken word. Daar is 'n R50,00 fooi betaalbaar vir die toets, maar dit word gratis gedoen vir SARL -ede. Die R50,00 is bo en behalwe die lisensiefooie betaalbaar aan OKOSA.

SARL IARUFONDS KRY 'n HUPSTOOT

Die Suid-Afrikaanse Amateurradioontwikkelingstrust het die SARL IARU-fonds hierdie week 'n stoot gegee met 'n donasie van R5000. Die totale som tot dusver geïn, tesame met die bedrag wat van verlede jaar oorgedra is, beloop nou R8770 wat nog 'n tekort van R3230 toon om die benodigde R12 000 vir vanjaar se ledegeld van die IARU. Die ledegeld is nou 3 maande agterstallig en die Trust doen 'n ernstige beroep op radioamateurs en klubs om 'n bydrae te maak sodat verseker kan word dat Suid-Afrika aanhou om 'n deel te wees van hierdie belangrike internasionale ligaam.

Donderdag het die Trustees bydraes erken van Marten du Preez, ZS6ZY, Robyn Seal, ZS5MRS, Willem Weideman, ZS6WWJ en M J Roughead, ZR5Z en het hulle bedank vir hulle bydrae om Amateurradio in Suid-Afrika betrokke te hou. Die Voorsitter van die Trust, Dave Larsen, ZS6DN het gesê dat Suid-Afrikaanse Radioamateurs nie die belangrike werk van die IARU moet onderskat nie, want hulle doen belangrike werk om die radiofrekwensietoekenning aan amateurs te beskerm en uit te bou teenoor toenemende bedreiging van kommersiële belange. "Ons moet die R3230 tekort hierdie week bymekaar kry sodat die SARL internasionaal in die prentjie kan bly", het hy gesê.

Skenkings aan die SARL IARU-fonds kan gemaak word deur elektroniese oordrag aan die Suid-Afrikaanse Radioontwikkelingstrust se rekening te Absa Menlyntak. Die rekeningnommer is 560 142 722 en die takkode is 335 645. Faks asseblief die depositostrokie of 'n nota van jou bydrae aan 012 991 5651 of die besonderhede per e-pos aan saardt@sarl.org.za.

PRESIDENT SE NET EN INTEGNET VANAAND OP DIE LUG

Die SARL se President se net en Integnet sal vanaand 21 November op die lug wees beginnende om 19:00. Die SARL se President, Graham Hartlett, sal die nuwe radioregulasies bespreek, wat verwag word om binne die volgende twee weke van krag te word sodra dit in die Staatskoerant gepubliseer is.

Die Presidentsnet sal deur Integnet gevolg word met 'n bydrae deur Ian Able van die VK oor IRLP, ECHOLINK en die gebruik van die internet om amateurstasies op langafstand ter koppel.

Klubs wat hulle herhalers aan die net wil koppel kan 'n dringende e-posboodskap aan armi@sarl.org.za voor 12:00 vanmiddag stuur met besonderhede van die telefoonnommer wat gekoppel moet word tesame met die frekwensie en dekkingsgebied van die herhaler.

RADIOAMATEUR VAN DIE JAAR TOEKENNINGS BEKEND GEMAAK

Die trustees van die Suid-Afrikaanse Aamateurontwikkelingstrust het die afgelope week byeen gekom om die nominasies vir die Siemens Radioamateur van die Jaartoekennings te oorweeg. Na versigtige oorweging en uitgerekte besperekings is die Jong Radioamateurtoekenning aan Edrich de Lange, ZR5TUX, van Westville in KwaZulu-Natal toegeken. Die Radioamateur van die Jaartoekenning is gemaak aan Andrew Roos, ZS1AN, van Kaapstad.

Die toekennings sal by 'n galafunksie in Johannesburg op 8 Desember 2004 gemaak word.

VOORTPLANTINGSVERSLAG-

Kobus, ZS6KOB, berig dat swak voortplantingstoestande gedurende hierdie week voortgeduur het. Tog was daar etlike goeie openinge na veral die Ooste. Toestande tussen die suide en die noorde in die land was oor die algemeen goed. Die sonvlekgetal was Donderdag 53,8 teenoor verlede week se 50,6. Dit is nou in 'n stygende fase, maar geen groot hoogtepunte word verwag nie. Die week was gekenmerk met bitter min sonaktiwiteite. DX-toestande was oor die algemeen swak met heelwat geruis op die bande. Die voorspelling vir die komende week is nie rooskleurig nie - oor die algemeen word dit as swak beskou.

2004 CQWW-FOONKOMPETISIE

Het jy al jou logstate vir die 2004 CQWW-foonkompetisie ingestuur? Die sluitingsdatum is 1 Desember en jy kan dit stuur aan ssb@cqww.com. onthou ook die logs vir die tweede been van die SARL-velddag, dit moet gaan aan Dennis Green, ZS4BS, by Posbus 12104, Brandhof, 9324 (maak seker dat jy die regte seëls opsit), of per e=pos aasn zs4bs@netactive.co.za.

KZN RADIOKLUBS SE GROOT RUILWINKEL

Die Highway Amateur Radio Club hou 'n KZN Radioklubs se GROOT Ruilwinkel op 27 November,. Dit is 'n Bring Alles & Braai byeenkoms by die QTH van John, ZS5JF om 11h00te Monteseel, af van die R103. Daar sal inroepfasiliteite wees.

MEGA-VLOOIMARK IN PRETORIA

Die Pretoria Amateurradioklub sal weereens hul MEGA-vlooimark op die Suidkampus van die Universiteit van Pretoria op Saterdag 27 November beginnend

om 09:00 hou. Tafelbesprekings kan by Almero, ZR6RY, by 082 908 3359 gemaak word, nie later nie as 1 week voor die geleentheid.

DAGBOEK VAN GEBEURE

21 November Volgende Presidentsnet en Integnet; 27 November Megavlooimark in Pretoria; 30 November 2004 Laaste dag vir indiening vir Nominasies en Mosies vir 2005 AJV; 9 April 2005 AJV van die SARL.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Gustav, ZS6BWN, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX